ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

Oktober / October 2020

# OKTOBER IS BEJAARDE-MAAND

Grootouerskap wat in die aftreejare kom, is ’n bonus omdat dit sin aan jou lewe gee, op ’n ander vlak. Of jy die voorreg het om jou kleinkinders naby jou te hê sodat jy hulle byna elke dag kan sien, en of jy hulle maar net een of twee keer per jaar kan sien, het ’n groot invloed op die rol wat jy in hulle lewe kan vertolk. Die verskil wat jy aan die lewe van jou kleinkind gaan maak, sal eerder op die interpersoonlike vlak as die fisieke vlak wees. Die warmte van jou menswees, die omgee en gesels en beskikbaar wees, het meer blywende waarde as die talle geskenke wat uit verliesbare goed bestaan.
Hoe gaan jou kleinkinders jou onthou?

Daar is wel bejaardes wat egter nie kinders of kleinkinders het nie, of slegs in die buiteland. Hoe kan ons aan ons eensame bejaarde vriende in die Landgoed plesier verskaf gedurende Oktober?
– Ons kan tyd aan hulle spandeer, terwyl ons nou by mekaar mag kuier. (Onthou net om jou masker saam te vat, liewers op die stoep te sit en 'n goeie afstand van mekaar te handhaaf. Jy wil vir hulle tyd gee, nie kieme nie!)

- Grootdruk-boeke is altyd welkom;
- ’n Vrugtemandjie;
- enige lekker bederfie.

“*Ons moet nie net gee wat ons het nie, maar ook wat ons is*”

–Desire Joseph Mercier

Hartlike geluk aan die volgende 10 inwoners in die Landgoed wat 90 en ouer is:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Patty Gates | (96) | 3015 | Azalea Wheelon | (94) | 1104 |
| Bettie v Niekerk | (95) | 1138 | Kobus Crafford | (94) | 3118 |
| Bud Abbott | (91) | 1216 | Cliff Jones | (91) | 1234 |
| Magda Burger | (91) | 1329 | Alta Crafford | (90) | 3118 |
| Helen Johnson | (90) | 3088 | Sylvia Stenhouse | (90) | 3257 |

Inwoners bo 90 in die Sorgsentrum:

| | | | |
|---|---|---|---|
| H Rossouw | (99) | JD Benade | (94) |
| D Matthews | (98) | W Papp | (92) |

# Estate Matters: Pets / Troeteldiere

## Pets

It has again been noticed that residents from time to time do not adhere to the conduct rules regarding pets in the estate. Often dogs are running without a leash in the streets and sometimes residents do not remove litter caused by their dogs on common property.

- An extract from the relevant conduct rules reads as follows:
- It is the responsibility of the owners of pets to ensure that all litter caused by the pets is removed from the common area immediately.
- No pets are allowed in the main building, except registered guide dogs.
- All pets must be on a leash and suitably controlled when they are on common property.
- Owners, occupiers and their visitors are not permitted to bring visiting pets into the estate, with the exception of registered guide dogs.
- Pets must be kept in a fenced area with an appropriate gate.
- Failure to comply with these rules will result in the owner or resident being instructed to remove the pet from the estate.

The abovementioned rules are strictly applied by means of the following fine system:

- First transgression: warning letter;
- Second transgression: R500.00 fine, and
- Third transgression: R1 000.00 fine.



## Troeteldiere


Daar word weereens bemerk dat inwoners van tyd tot tyd nie die reëls rakende troeteldiere in die landgoed nakom nie. Honde hardloop dikwels sonder leibande in die strate en somtyds versuim inwoners om agter hul honde skoon te maak in gemeenskaplike areas.

’n Uittreksel uit die betrokke gedragsreëls word weer hieronder aangehaal:

- Dit is die verantwoordelikheid van die eienaars van troeteldiere om onmiddellik agter hul honde skoon te maak en dit van die gemeenskaplike eiendom te verwyder.
- Geen troeteldiere word in die hoofgebou toegelaat nie, behalwe geregistreerde gidshonde.
- Alle troeteldiere moet aan 'n leiband vas wees en toepaslik beheer word wanneer hulle op die gemeenskaplike eiendom beweeg.
- Eienaars, inwoners en hul besoekers word nie toegelaat om besoekende troeteldiere in die landgoed in te bring nie. Die enigste uitsonderings is geregistreerde gidshonde.
- Troeteldiere moet in 'n omheinde gebied met ’n geskikte hek gehou word.
- Versuim om te voldoen aan hierdie reëls kan daartoe lei dat die eienaar of inwoner opdrag gegee word om die troeteldier van die landgoed te verwyder.

Die bogemelde reëls word streng toegepas deur middel van die volgende boetestelsel:

- Eerste oortreding: skriftelike waarskuwing;
- Tweede oortreding: R500.00 boete, en
- Derde oortreding: R1 000.00 boete.



# Spring is Hayfever Season

**When is hayfever season?**

The tree surge in pollen can start as early as July to late September; but the Wild Olive and Karee trees planted at the Estate, can release pollen from October to March. Also grasses, weeds and flowers as well as the Cynodon Dactylon (Bermuda) grass planted in the Estate.

Weather affects pollen count-on dry hot afternoons, the pollen count will be higher. The overall pollen count end of August for trees and flowers were moderate, and for grass and weeds very low.

**Symptoms**

Itching, scratching, scratchy eyes and throat, runny nose and sneezing, normally from September to November, but can last up to 9 months depending on where you live, and can also include loss of smell. No body and muscle aches. Do not confuse it with Covid-19, with symptoms that includes headaches, body- and muscle aches, fever and loss of smell and taste.

**Allergies**

When you are allergic, your immune system responds to an allergen by first making immunoglobin E (IgE) antibodies, which will trigger the release of histamines, leukotrines and other chemicals that will cause the allergic reaction.

**How to manage hayfever**

According to Prof Jonny Peter from Cape Town University, the management of allergies due to pollen count , can be as follows:

- Keep track of the weekly pollen count on www.pollencount.co.za
- Start with preventative measures, like internal nasal steroids.(take 2 weeks to be effective)
- Stock up on anti-histamines.
- Keep doors and windows closed when pollen count is high and limit outside activities.

## WAARSKUWING

Inwoners word gemaan om versigtig te wees vir misdadigers wat nou op die uitkyk is vir sagte teikens–in ons onmiddelike omgewing:

- ’n Nuwe slenter is goedkoop vakansies wat aan ouer persone (via “direct marketing presentations”) bemark en verkoop word met groot verlies aan die oumense;
- Wees versigtig by kitsbanke naby taxistaanplekke;
- Handsakrowers pluk nou ook selfone uit jou hand terwyl jy praat.

# Tuinsake

1. Volgens Plantranch kan kunsmis soos volg op grasperke gebruik word:

- Lente en somer: September tot Februarie: 7:1:3 en 5:1:5: Dit stimuleer algemene blaargroei
- Herfs: Maart tot Mei: 3:1:5
- Winter: Junie tot Augustus: 3:2:1: Voedingstowwe bly langer in die grond.
- Let wel: verkeerde kunsmis kan grond suur maak, en gras verkies alkaliese grond.

2. Die gras wat by die Landgoed deur die ontwikkelaar aangeplant is, is Cynodon dactylon, ’n tropiese Afrika gras, ook kweek genoem, en spesifiek Bermuda en Princess. Nie beskikbaar by kwekerye nie.

3. Cynodon transvaalensis soorte is inheems:

- Bayview is 'n fyn gras wat volson benodig en is rypbestand;
- Florida is ook 'n fyn gras wat hitte- en droogtebestand is en volson benodig.
- Gulfgreen is 'n medium-na-growwe vinniggroeiende gras wat in halfskadu groei, en is hitte- en droogtebestand.
- Skaapplaas is ’n fyn na medium gras, benodig volson en is hitte- en droogtebestand.

4. Om suurstof, water en kunsmis by wortels te kry, moet belugting (”aerating”) gedoen word.
Daar is ’n spesifieke apparaat daarvoor, maar 'n gewone tuinvurk kan dit net so effektief doen. Maak die gras vooraf bietjie nat, druk die tuinvurk diep genoeg in (omtrent 15cm) om by die grond uit te kom, en wikkel die tuinvurk vorentoe en agtertoe.

5. Daar word weereens ’n dringende beroep gedoen op inwoners om waterwys tuin te maak en soveel moontlik water te bespaar. Nie net word Gauteng se watervoorraad weer bedreig deurdat die Vaaldam slegs 34% vol is nie, maar ook om die enorme waterrekening van die Landgoed te verminder.

6. Inwoners word versoek om opdrag te gee aan hulle privaat tuinwerkers om NIE tuinslange te gebruik om plaveisel af te spuit of motors te was nie.

7.Tuinklagtes: Die klagteboek sal weer beskikbaar wees by ontvangs vanaf 1 Oktober. Neem asb kennis dat hierdie boek beskikbaar is slegs vir klagtes tov onkruid, miere, termiete en krieke. Die toesighouer sal hierdie klagtes ondersoek en daaraan aandag gee. Geen klagtes mag direk by haar aangemeld word nie, aangesien die tuinkontrakteur gif verskaf slegs na aanleiding van die skriftelike klagtes in die boek. Die funksie van die toesighouer is om TOESIG te hou oor die tuinkontrakteur se werkers.
Enige ander klagtes, voorstelle en versoeke moet skriftelik aan die Bestuurder gerig word.

# Clivias op hulle mooiste!

Marie Strauss van Hoep-Hoepstraat 168 versorg haar clivias met liefde.

Onthou om hulle voorkomend gedurende April en Oktober te spuit teen lelieboorwurm













# Silver Violet Studios

het gedurende Vrouemaand in Augustus ’n promosie gedoen en 2 stelle salon produkte ter waarde van R380 elk was op die spel vir 2 gelukkige kliënte wat die salon gedurende Augustus besoek het. Op die foto is Gilbert McCaul, eienaar van die salon, en Wilma vd Berg, voorsitter van die HEV wat die trekking gedoen het. Die gelukkige wenners was Annie Minnaar (3199) en Rina Pieterse (3207)








# La Vie CARE

**Our family caring for yours**

We operate 7 Frail and Dementia Care facilities, and Sub-Acute & Rehabilitation Hospitals in Gauteng.

## Silver Express

**A fast, affordable and safe way to ride.**
Getting from point A to B has never been this easy!

Available to travel within a 150km radius of our 'home' (LVC Oosmed in Willows, Pretoria)

***We are here to make you moblie!***




**BOOK YOUR RIDE**
**012 007 0085 or 084 803 6815**

## WELLNESS BLOG

Read/download our online articles: www.laviecare.co.za/wellness-blog



OA and lack of walking may be fatal.



La Vie Care lifts those lockdown blues.



Why is the corner of my eye itchy?

laviecare.co.za | info@laviecare.co.za | PO Box 35123, Menlo Park, 0102


@458
ABUNDANCE
hair | nails | beauty
"Spring:
a lovely
reminder of how
beautiful change
can truly be."
FOR ALL YOUR BEAUTY TREATMENTS
CONTACT DENISE ON #2006
OR WHATSAPP ON 071 148 2854
SALON UNDER NEW MANAGEMENT


CSi
Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions
CALL NOW!
Bronberg - Karin Stelzer
082 879 1198
karin@csirentals.co.za
Eldoraigne - Leatitia Ferreira
083 378 4510
leatitia@csiproperties.co.za
TO LET
Bronberg Retirement Village
2 & 3 Bedroom simplexes from R 10 000 pm
1 Bedroom apartments from R 7 100 pm
2 Bedroom apartments from R 7 900 pm
Eldoraigne Retirement Village
1 Bedroom, 1 Bathroom, apartment - R 7 500 pm
2 Bedroom, 1 Bathroom, apartment - R 8 200 pm
2 Bedroom, 2 Bathroom, simplex - R 8 900 pm
3 Bedroom, 2 Bathroom simplex, from R 12 000 pm
STAY SAFE!
Visit our website for more info - www.csi-euf.co.za

# Bakteriese siektes

Bakterieë is mikro-organismes wat sonder 'n baie duidelike kernmembraan is; die meeste is eensellig; kleiner as swamme maar groter as virusse; het 'n selwand met 'n unieke samestelling en baie antibiotika werk deur die bakteriële selwand te vernietig.

Bakterieë kom wydverspreid voor– sommige leef in grond, water of lug; ander teer op die mens, diere en plante. Baie parasitiese bakterieë doen hul gasheer geen skade aan nie; sommige veroorsaak siektes deur gif te produseer. Voorbeelde– *Stafilokokkus*– veroorsaak pitswere; *Salmonella*– typhi tifoiedkoors; *Streptokokkus*– seerkeel en *Spirogeet*– sifilis.

- In gunstige omstandighede vermeerder bakterieë hulleself baie vinnig en kan hul getalle elke halfuur verdubbel.
- Die liggaam beveg patogeniese bakterieë deur hulle met leukosiete (witbloedselle) aan te val en te vernietig; 'n inflammatoriese reaksie en teenliggame te vorm wat weerstand verhoog.
- Bakterisiede is stowwe soos antibiotika, antiseptika en ontsmettingsmiddels wat in staat is om bakterieë dood te maak.
- Bakterieë is reeds in 1687 mikroskopies waargeneem; in 1847 is daadwerklik begin om kiemverspreiding in hospitale te beveg; Pasteur het probeer bewys dat kieme infeksie veroorsaak–sy entstof teen hondsdolheid het opspraak verwek; Robert Koch het aan die einde van die 19de eeu bakteriologie tot 'n eksakte wetenskap ontwikkel voordat penisillien in 1941 ontwikkel is.

**Legioensiekte** word deur die Legionella-bakterie veroorsaak wat in die waterstelsels skuil van geboue wat lank toegestaan het. Die bakterie kom voor in waterbronne en klam grond en vermenigvuldig in stilstaande water teen temperature 25°C tot 50°C.
Mense steek aan wanneer hulle bv in 'n stort besmette waterdruppels inasem, ook deur lugversorgers, borrelbaddens, koeltorings, humiditeitstoerusting in uitstalkaste met kos, fabrieke, asemhalingstoerusting, besproeiingstelsels en in motorwasplekke.
Die simptome sluit griepsimptome in soos droë hoes, wat omsit in infeksie van die laer lugwee wat tot longontsteking lei. Enigiemand kan dit opdoen en mense ouer as 50 of met verswakte immuunstelsels is veral vatbaar.
Edna Molewa, voormalige minister van omgewingsake, is in 2018 dood aan Legioensiekte wat sy op 'n besoek aan China opgedoen het. (NIOS)

Wanneer u huis dus vir lank toegestaan het–na u 6-maande kuier oorsee– spoel die stelsels eers behoorlik uit. Roteer die water gereeld in die 5-liter waterbottels wat u bêre vir noodgevalle.

UIT: 1. Mediese woordeboek
2. NIOS (Nasionale Instituut vir Oordraagbare siektes)

# Tuinsake: Tuinslange

- Blou 12mm tuinslange: aangekoop deur die Tuinkontrakteur vir gebruik by Sorgsentrum en langs die wassery deur sy tuinwerkers.
- Groen 12mm tuinslange met geel streep: aangekoop deur die Landgoed vir gebruik in die parke, gemeenskaplike areas en blombeddings rondom die kantore. Vir gebruik deur die kontrakteur se tuinwerkers.
- Grys 20mm tuinslange by Noordpark is aangekoop deur die Tuinkontrakteur en vir gebruik deur sy tuinwerkers.
- Groen 12mm tuinslange by woonstelle is privaat eiendom en aangekoop deur inwoners self vir hulle eie gebruik.
- Al die tuinslange by die huise is privaat eiendom. Inwoners word versoek om toe te sien dat hulle privaat tuinwerkers nie tuinslange by ander huise, sonder toestemming, leen nie.
- Inwoners word dringend versoek om nie enige tuinslange, koppelings of sproeiers enige plek te verwyder en self êrens aan te wend nie.

---

# Estate Matters: Maintenance

**Minor repairs in units**

Although the maintenance team of CSi Property Management is primarily responsible for maintenance work on common property, i.e. outside units, they will attend to minor essential issues, at no cost, inside units on condition that the work does not take longer than 10 minutes. These include changing of a light bulb, tap washer, connecting of a washing machine, etc. The maintenance team is not allowed to buy any items on behalf of residents. Items must be provided by the relevant resident for replacement. No payment must be made to the maintenance team. Please report all issues to Reception.

**Klein herstelwerk binne eenhede**

Alhoewel die onderhoudspan van CSi Property Management hoofsaaklik verantwoordelik is vir instandhoudingswerk aan gemeenskaplike eiendom, d.w.s. buite eenhede, sal hulle aandag gee aan klein noodsaaklike kwessies, teen geen koste, binne eenhede op voorwaarde dat die werk nie langer as tien minute duur nie. Dit sluit in die vervanging van ’n gloeilamp, kraanwasser, aansluiting van ’n wasmasjien, ens. Die onderhoudspan mag geen items namens inwoners aankoop nie. Items moet deur die betrokke inwoner verskaf word vir vervanging. Geen betaling mag aan die onderhoudspan gedoen word nie. Rapporteer asseblief alle aangeleenthede by Ontvangs.

# Feeding Of Birds

This practice is strictly prohibited as it cause all sorts of problems such as messing of droppings. Birds are the carriers of bird lice (bird mites) and diseases, nesting in roofs and elsewhere which exacerbate these problems. We all love nature, so let us protect it, avoiding later drastic infestation and costly removal methods. This includes all forms of feeding, including the scattering of bread crumbs and pieces of food on lawns. The birds are nesting on the ceilings at the flats, because residents do not adhere to the request. A few culprit residents are already identified and fines will follow if the practice is not stopped immediately.

---

# Landgoed is 5 jr oud

**Op 1 November 2020 is Eldoraigne Aftree Landgoed reeds 5 jaar oud!**

Aangesien alle komitees ontbind het, word vrywillige inwoners nou dringend versoek om aan te meld by Ontvangs of Johan du Preez indien u belangstel om deel te wees van die beplanning om hierdie herdenkingsdag in November te vier. Die Covid-19 beperkings moet in gedagte gehou word wanneer besluit word oor die wyse van viering.

– Navrae Johan du Preez 3192

---

# Lewenslesse

- Jy is nooit te oud om om 'n nuwe droom te droom nie.
- Dans wanneer jy kan, al is daar nie musiek nie.
- Jou beroep gaan nie vir jou omgee wanneer jy siek of swak is nie– jou vriende en familie sal.
- Maak vrede met jou verlede sodat dit nie jou hede steel nie.
- Raak ontslae van dit wat jy nie regtig gebruik nie. Dit verstop net jou lewe.
- Dit is nooit te te laat om gelukkig te wees nie. Die keuse is joune.
- Glimlag vir almal, al glimlag hulle nie terug nie.
- Brand vandag die kerse, gebruik die goeie linne, dra die mooi klere. Vandag is spesiaal.
- Bitterheid is ’n mors van tyd.
- Die mooiste wat hulle aan die einde van jou lewe moet kan sê, is dat jy liefgehad het.
- Bekommernis is ’n mors van tyd.
- Die lewe kom nie met strikkies aan nie, maar is steeds 'n geskenk.

(Uit–: Stiltetyd: Dr Johan)

## HUIS TE KOOP
### ARENDSTRAAT 253

- 3 slaapkamers
- 2 badkamers
- Dubbel motorhuis met afdak
- Dubbel patio met elektriese seile
- Ingeboude braai
- Houtvloere
- Gepleisterde plafonne
- Smeg stoof en oond
- LED ligte in alle vertrekke
- Baie ingeboude kaste
- Uitgelegde tuin
- Plus baie ander ekstras.

PRYS: **R 2 990 000**
Skakel Stephan by 082 555 7923

## PRIVATE SALE
### HOUSE 223

- 3 Bedrooms and 1 study
- 2 bathrooms
- Double garage and carport
- Wood laminated floors
- Shaded patio
- Watertank
- Large garden area
- Located in cul-de-sac
- Close to maingate and reception

PRICE: R **3 200 000**
or closest offer

Please contact Jolize Liebenberg
082 449 8880

## Handyman

Recently retired technician now offers his services in our estate.
Repairs appliances, aircons, refrigerators, etc.
Welds, solders, screws and nails.
Contact Glen Bibbings, Kwartel Street.

–Call 3205

## Handige nutsman

Onlangs afgetrede tegnikus bied nou sy dienste as nutsman in ons landgoed aan.
Herstel huishoudelike toestelle, lugreelaars, verkoelingsapparaat, ens. Sweis, soldeer, skroef en spyker.
Kontak Glen Bibbings, Kwartelstraat.

–Skakel 3205

### Recycling of batteries

☺ There are many different types of batteries out there – some that can be disposed of in household waste like AA and AAA batteries, and some that can't. Overall, it is best to recycle batteries. By disposing of batteries with normal household waste, we put the environment at risk of further pollution. For this purpose a container is available at the postal boxes in the Service Centre in which small batteries can be placed for recycling.

### Herwinning van batterye

☺ Daar is baie verskillende soorte batterye – sommige, soos AA- en AAA-batterye, wat saam met huisafval weggegooi kan word en ander nie. Oor die algemeen is dit die beste om batterye te herwin. Deur batterye saam met gewone huishoudelike afval weg te gooi, stel ons die omgewing in gevaar vir verdere besoedeling. Vir hierdie doel is ’n houer beskikbaar by die posbusse in die Dienssentrum waarin klein batterye geplaas kan word vir herwinning.